Special Newsletter 6 July 2021

Dear Colleague

This special newsletter is aimed at addressing three matters, being:

1. Change in travel restrictions for hunting:

   An earlier newsletter from Boetie Kirchner was issued in this regard. We have received some queries around permits for said travelling – please note that each individual in your group must have his/her own permit to travel beyond Gauteng's borders. Also remember that you are allowed at most 70% of the carrying capacity of passengers in the vehicle and you are not allowed to travel outside the curfew hours. The land-owner where you go hunting should be able to provide you with the required permit.

2. Increased firearms fees:
   We have received a Government Gazette notification (number 44804, dated 5 July 2021) in which amended application fees were published. These amended fees relate to increases in application fees for firearm licences; competency certificates; duplicate licences; renewals; accreditation and permits for import/export, business, and transport. These increased fees are applicable with immediate effect. While we understand that goods and services become more expensive, the timing of this price hike is interesting, especially considering the current amendments to the Firearms Control Act, and recent announcement to lift travel restrictions for hunting.
   You can view the notification **HERE**

3. Draft Firearms Amendment Bill:
   During the past month, we embarked on an information-heavy campaign to empower you as members with the correct factual information and implications around the proposed amendments to the Firearms Control Act. Upon reviewing our efforts, we can report the following campaign elements were successfully implemented:

   Member Communication:
   - 8 x special newsletters with specific focus on certain sections of the amendment bill.
   - 10 x information pieces
   - 5 x petitions (garnering at total of 51 094 signatures to date)
   - 5 x pre-populated comment sheets

   Media and Public Communication:
   - 2 x media releases
   - Various media interviews (Groot Ontbyt, Grootplaas, RSG, Pretoria FM) as well as sound bytes on leading stations such as Jacaranda FM and Groot FM
   - 8 x social media posts with links to our petitions or website portal for additional information
   - Print and digital campaign on various Media 24 platforms (Huisgenoot, You, Drum & Daily News

Our petitions have been well supported, and we continue to receive feedback on the pre-populated comment sheets to the secretariat. Please support and use these petitions which will remain available throughout the extended period for public comment. Upon investigating various additional platforms for you to participate we have found that the Dear South Africa platform gives you an opportunity to have your say to join the over 124 000 comments already logged on this platform This link is available on our website but for easy access you can find it **HERE**

Remember, every vote/comment against the amendments is a vote for your rights as legal firearm owner! Help us to help you by staying informed and involved.

During July, we will continue to communicate on this matter on a regular basis and plan to send various short messages on pertinent topics via whatsapp messages to branch leadership structures. Be sure to request this information from your branch chairman should it not be shared – and again, feel free to share it to your wider circle of influence. We have also prepared a PDF document with links to all our petitions conveniently in one document – find it **HERE**

Kind regards

Fred Camphor
CEO: SA Hunters

AFRIKAANS

Spesiale nuusbrief 6 Julie 2021

Beste kollega

Die doel met hierdie spesiale nuusbrief is om inligting oor twee kwessies te deel:

1. Veranderinge in reisbeperkings vir jagdoeleindes:
   Boetie Kirchner het reeds vroeër op Dinsdag 'n spesiale nuusbrief hieroor uitgestuur. Ons het talle navrae ontvang ten opsigte van reisreëlings. Neem asseblief kennis dat elke individu in die groep sy/haar eie reispermit benodig om buite Gauteng te mag reis. Hou in gedagte dat voertuie slegs 'n maksimum passasierkapasiteit van 70%mag hê en reis word nie binne die aandklokreël toegelaat nie. Die grondeienaar van die plaas waar die jag plaasvind, behoort die nodige permitte te kan verskaf.

2. Verhoging in fooie vir vuurwapenverwante aansoeke:

   Ons het 'n kennisgewing ontvang dat 'n verhoging in fooie vir vuurwapenverwante aansoeke by die Polisie in die Staatskoerant (nr. 44804 van 5 Julie 2021) gepubliseer is. Hierdie wysigings het betrekking op aansoeke vir vuurwapenlisensies; bevoegdheidsertifikate; duplikaatlisensies; hernuwings; akkreditasie; in-en-uitvoerpermitte, ondernemings en vervoer. Hierdie prysverhogings tree onmiddellik in werking. Ons verstaan dat dienste en produkte se pryse styg, maar die tydsberekening van hierdie prysverhoging is interessant, inaggenome die wysigings aan die Wet op die Beheer van Vuurwapens, en die opheffing van die reisverbod vir jagdoeleindes.

   Lees die kennisgewing HIER

3. Konsepvuurwapenwysigingswetsontwerp:

   Gedurende die afgelope maand het ons 'n baie intensiewe bewusmakingsveldtog van stapel gestuur en lede bemagtig met korrekte en feitelike inligting oor en die impak van die voorgestelde wysigings op die Wet vir die Beheer van Vuurwapens. In 'n kort oorsig oor hierdie aktiwiteite, bevestig ons dat SA Jagters die volgende aktiwiteite suksesvol geïmplementeer het:

   Ledekommunikasie
   - 8 x spesiale nuusbriewe wat elkeen fokus op spesifieke artikels in die wysigingswetsontwerp.
   - 10 x inligtingsdokumente
   - 5 x petisies (altesaam 51 094 handtekeninge is tot dusver ingesamel)
   - 5 x voorafvoltooide kommentaarskrifte

Media en openbare kommunikasie:

- 2 x mediaverklarings
- Talle onderhoude toegestaan (Groot Ontbyt, Grootplaas, RSG, Pretoria FM) en klankgrepe op vername radiostasies soos Jacaranda FM and Groot FM
- 8 x sosiale media plasings met skakels na ons petisies op die webwerf vir bykomende inligting
- Gedrukte en digitale veldtog op talle Media 24 nuusbronne (Huisgenoot, You, Drum en Daily News)

Ons petisies is goed ondersteun en ons ontvang steeds terugvoer op die voorafvoltooide kommentaarskrifte aan die Sekretariaat. Gaan asb. voort om ons petisies te ondersteun wat beskikbaar sal bly tot aan die einde van die kommentaarperiode. SA Jagters het verskeie ander platforms nagevors vir lede om kommentaar te lewer. Ons het bevind dat die *Dear South Africa* platform die beste opsie bied om jou stem by die meer as 124 000 kommentaarskrifte te voeg wat reeds deur middel van hierdie platform ingedien is. Die skakel is beskikbaar op ons webwerf, maar vir u gerief plaas ons dit ook **HIER** Onthou, elke stem/kommentaar teen die wysigings is ’n stem vir u regte as ’n wettige vuurwapeneienaar. Help ons om jou te help deur ingelig en betrokke te bly.

Gedurende Julie, sal ons voortgaan met kommunikasie en gereeld verskeie kort boodskappe oor spesifieke onderwerpe met whatsapp aan takbesture stuur. Doen dus gerus navraag by jou takvoorsitter indien jy niks ontvang nie. Onthou, deel asseblief die inligting so wyd as moontlik met mense in jou vriende- en familiekring. Vir u gerief, gebruik gerus **hierdie PDF dokument** wat skakels na al die petisies bevat.

Vriendelike groete

Fred Camphor
HUB: SA Jagters